Die narratiewe bekragtiging van die positiewe ontvangs van Seneca se voorsienigheidsleer tydens die Protestantse Kerkhervorming

J.A. Schlebusch

J.A. Schlebusch, onafhanklike navorser

Opsomming

Die Protestantse kerkhervormers beroep hul dikwels op die heidense Romeinse filosoof Seneca ter verdediging van hul leer aangaande die goddelike voorsienigheid. Seneca het sy voorsienigheidsleer sistematies uiteengesit in sy bekende werk *De Providentia*. Volgens Martin Luther se eie getuienis was hierdie leerstelling 'n kernstrydpunt van die Hervorming. Daarom is die aansluiting wat die hervormers binne die konteks van die 16de-eeuse Humanisme by 'n heidense of profane outeur soos Seneca in dié verband gevind het, noemenswaardig. Veral in die lig van die hervormers se beroep op die Bybel as die enigste rigsnoer vir leer en lewenswandel, is hul positiewe ontvangs van en posisionering ten opsigte van Seneca – 'n filosoof wat geen kennis of waardering van die Christelike kanon as gesaghebbend getoon het nie – in verband met so 'n wesenlike leerstelling besonder interessant. Die hervormers gaan selfs verder as wat van geskoolde humaniste in die 16de eeu verwag sou word deur nie net hul kennis van Seneca se voorsienigheidsleer ten toon te stel nie, maar Seneca selfs vir polemiese doeleindes aan te wend as gesaghebbende leerstellige bron. Hierdie artikel beklemtoon die aard van die retoriese strategieë wat deur die hervormers gebruik is in dié verband. Die fenomenologies-narratiewe benadering van die Amerikaanse geskiedsfilosoof David Carr is 'n nuttige hulpmiddel om die hervormers se narratiewe bekragtiging van hul positiewe ontvangs van Seneca se voorsienigheidsleer te belig. Soos hul beroep op Seneca in verband met die voorsienigheidsleer bewys, het die hervormers hulself strategies op so 'n wyse geposisioneer om aan te dui dat hul teologiese idees nie net in ooreenstemming met die Christelike Kerk se historiese verstaan daarvan was nie, maar ook in ooreenstemming met die wysheid van alle eeue soos deur middel van die natuurlike openbaring ontvang.

Trefwoorde: Bullinger; Calvyn; David Carr; Hervorming; Luther; narratief; Seneca; Thomas Gataker; voorsienigheid; Zwingli

Abstract

The positive reception of Seneca's doctrine of providence during the Protestant Reformation as narratively sanctioned

The doctrine concerning the omnipotence of God as reflected in his divine providence and predestination was one of the core theological doctrines of the Protestant Reformers. In his *De Servo Abitrio* Martin Luther expressly appealed to the doctrine of providence in refuting Erasmus's doctrine concerning free will. Luther considered this particular theological issue as central to the very heart of the Reformation (Luther 1525:334). It is noteworthy that John Calvin's first known reference to the doctrine of providence was in his commentary on the pagan Roman philosopher Seneca's *De Clementia*. Here he defended Seneca's views on the matter against the idea of coincidence as taught by the Epicurean philosophical school (Calvin 1532:5–6). In Ulrich Zwingli's most famous work on providence, *Sermonis de Providentia dei anamnema*, he also made extensive use of Seneca as his authority and used arguments indebted to the pagan philosopher (Zwingli 1530:19, 22). The Reformers appealed to and used a pagan author like Seneca as a doctrinal authority in defence of one of their core teachings, in spite of their understanding of divine revelation in the Bible as the only standard for Christian doctrine and practice (Barrett 2016:ii). This presuppositional acceptance of Scripture as sole authority creates the expectation that accepted sources with regard to doctrine would at least derive their authority from knowledge gained from divine revelation in the Bible. Their positive reception of Seneca's doctrine of providence is therefore particularly interesting given the fact that Seneca never expressed any knowledge or appreciation of the Christian Canon as divine revelation.

The research question this article addresses therefore concerns how the Reformers as Christian theologians strategically positioned themselves in terms of their high appreciation of a pagan author like Seneca's doctrine of providence. By means of the contemporary American philosopher of history David Carr's phenomenological-narrative approach the narrative strategies employed by the Reformers with regard to their positive reception of Seneca's doctrine can be amplified. Carr (2014:2, 7) shows how narrative is inherent to all human existence and participation in reality. The structure of narrative reflects everyday human experience and forms the means of self-understanding as "the organizing principle not only for actions and experiences, but also for the self who acts" (Carr:113–4). Carr's narrative realism emphasises that narrative does not function as an *ex post facto* justification of a particular position, but that narrative itself forms the framework within which such a position becomes possible. The focus of this article is therefore not to analyse the exactitude of the Reformers' interpretation of Seneca's doctrine of providence, but rather the narrative strategies they used in sanctioning their positive reception thereof.

These narrative strategies must, of course, be understood within the context of 16th-century Humanism. What makes these narratives particularly compelling, however, is the fact that the Reformers went further than was expected of a humanist at the time by not only appreciating the pedagogic value of Seneca's teachings, but also applying it as authoritative in terms of a core doctrine.

Seneca's *De Providentia* was written during the first century A.D. as a response to questions by the governor of Sicily, Lucilius, concerning why unfortunate things happen to good people (Sanchez 2019:98). Seneca responds by noting that there is no doubt that the gods desire the best for virtuous people (Seneca 1928:I.1.5). He argues that while there is an *Aternae lex*

(eternal law) which governs all that happens in the universe (Seneca:I.1.2), unfortunate events in the lives of virtuous people must be seen as tests of character for the sake of moral improvement (Seneca I.2.3–4). In this way the *animus* (rational soul) of a virtuous human being is trained and strengthened (Seneca:I.4.11–14). Regarding the relation between human freedom and providence Seneca takes a fatalistic position, in which humans are unable to change the fate that providence has decreed for them, and in which resistance to this fate only makes life more unbearable (Seneca: I.5.4–6).

Despite notable differences, significant similarities between Seneca's doctrine of providence and that of the apostle Paul can be identified. Both emphasise the divine ability and will to utilise unfortunate events in the lives of good people – in Seneca's case the virtuous, in Paul's case the faithful – for the ultimate benefit of these people (see Seneca I.1.4–6 and Romans 8:28–9). Both also emphasise the inescapability of the fate of providence (Seneca I.5.4–6 and Romans 9:16–21). The Early Church also expressed appreciation for these similarities. In a pseudographic exchange of letters between Seneca and Paul dating from the fourth century, Seneca encourages Paul to patiently endure whatever providence brings (Pseudo-Seneca 1895:481).

This appreciation also marked the narratives of the Reformers of the 16th and early 17th century. Calvin (1532:6) expressly noted that the Christian religion's teachings on providence are similar to those of Seneca.

The decisive influence of Seneca in shaping Zwingli's doctrine of providence is particularly evident in the latter's appeal to Seneca's understanding of humans as passive receptors of their fate and his consequent rejection of secondary causes (Zwingli 1530:22). Zwingli's appreciation of pagan philosophy and culture extended beyond its ideas, however. He proposed the idea of a category of redeemed pagans – virtuous figures from the ancient Graeco-Roman civilisation who also obtain salvation (Zwingli 1536:27). He also included Seneca in this category (Zwingli 1526:17).

Zwingli's successor in Zürich, Heinrich Bullinger, likewise expressed an appreciation for Seneca's ideas on providence and even regarded his doctrines as more pure than many Christian theologians (Bullinger 1582:6). His appreciation of pagan philosophy was more nuanced than that of Zwingli, however, arguing that pagan authors must always be judged on the basis of Christian theological principles (Muller 2003:106–7).

Despite Luther's own appreciation for Seneca's ideas on providence (Holm 2019:310–12), he strongly rejected Zwingli's idea of redeemed pagans, emphasising that Zwingli thereby counteracted the very message of the gospel (Luther 1955:289–91).

High appreciation for Seneca's doctrine of providence was also characteristic of second-generation Reformers such as the Westminster divine Thomas Gataker. He positions his own view of the providence of God within a theological tradition that includes Seneca as a theological forebear (Gataker 2008:16).

The positive appreciation of Seneca's doctrine of providence was an outstanding example of the Reformers' theological and philosophical appreciation of pre-Christian paganism. The narrative strategies by which this appreciation for Seneca was sanctioned are evident from Calvin's polemic use of his doctrine of providence, as well as Zwingli's, Bullinger's and Gataker's references to Seneca's knowledge of God and his providential decrees.

Characteristic doctrinal positions for which the Reformers appeal to Seneca's *De Providentia* include 1) the all-encompassing and inescapable nature of providence, i.e. that there is nothing that occurs outside of the decrees of providence; 2) that all that occurs has a divine purpose; 3) the idea that all things work together for the good of God's children; 4) that the inescapability of providence does not remove human moral responsibility; 5) in the case of Zwingli and Bullinger, that they understood the doctrine of predestination unto salvation as *pars providentia*, i.e. as a subcategory of the doctrine of providence.

Narrative self-positioning was crucial for the Reformers, especially in terms of a historical context in which the ideas behind their movement could be regarded as completely novel. Within the context of the 16th-century Humanism of their time they strategically narrativised pre-Christian paganism to be a legitimate predecessor not only of Christianity, but of the Reformation itself. In showing that their doctrines were not at odds with ancient wisdom, they could counter the view that they were radical revolutionaries or rebels against authority. An important witness of the primary sources is, however, that in their use of Seneca the Reformers went even further than was expected of 16th-century humanists. They appeal to his doctrine of providence not only as authoritative, but also as important for polemic purposes, in spite of their acceptance of divine revelation in the Bible as the only standard for doctrinal matters. With regard to this appreciation of a pagan author as an important authority in doctrinal matters, the Reformers' understanding of natural revelation played a decisive role. Their rhetorical purpose for employing Seneca in this way was not only to establish their historical legitimacy; to them it was also to shape the future understanding of the doctrine of providence within the Christian Church. In this way their positive reception of Seneca's doctrine of providence was sanctioned by the rhetorical strategies they employed in the context of what Carr (2013:110) describes as the necessary narrative framework by which sensible interaction with the past, present and future becomes possible.

Keywords: Bullinger; Calvin; David Carr; Luther; Narrative; Providence; Reformation; Seneca; Thomas Gataker; Zwingli

1. Inleiding

Die leerstelling aangaande die almag van God soos dit in die goddelike voorsienigheid en voorbestemming (of uitverkiesing) beslag vind, was 'n teologiese kernbeginsel van die Protestantse Kerkhervorming. Die vader van die beweging, Martin Luther, skryf gedurende sy stryd vir die hervorming van die kerk 'n twisgeskrif rakende die heerskappy van God oor die menslike bestaan en die vrye wil van die mens, getiteld *De Servo Abitrio*. Daarin skryf hy die volgende aan sy teenstander, Disederius Erasmus, 'n voorstander van die vrye wil: "Jy, en jy alleen, het die vraag waarom alles draai, verstaan en [jou aanval] is gemik op die kern van die saak" (Luther 1525:334).[1] In Luther se argument teen Erasmus beroep hy hom ook uitdruklik op die voorsienigheid van God: "God werk alles in almal, en sonder Hom, word niks gedoen of bereik wat nie die gevolg van sy almag is nie (Luther 1525:187)."[2] Luther bring hier die *omnipotens* of almag van God in verband met sy aktiewe uitoefening van sy voorsienigheid waarmee hy alles in die skepping regeer.

Die teologiese sisteem wat deur die vername hervormer Johannes Calvyn ontwikkel is, is hoofsaaklik ook bekend vir die uiteensetting en verstaan van die leerstellings van die

uitverkiesing en die voorsienigheid (Hunter 1999:130). Dit is noemenswaardig dat Calvyn se eerste geskrif waarin hy uitdruklik die leer van die voorsienigheid behandel, sy kommentaar op Seneca se *De Clementia* is. Hierin verdedig hy Seneca se Stoïsynse voorsienigheidsleer teen sy destydse opponente, die Epikuriërs (Torrence Kirby 2003:317). Sy medehervormer Ulrich Zwingli se vernaamste werk oor die goddelike voorsienigheid en uitverkiesing, *Sermonis de Providentia dei anamnema*, is nie net vernoem na Seneca se belangrikste werk oor die voorsienigheid, *De Providentia*, nie, maar maak ook grootliks gebruik van Seneca se styl en argumente (Wendel 1963:29).[3] Hierdie besondere waardering van die voorsienigheidsleer van Seneca as profane of heidense skrywer is noemenswaardig binne 'n teologiese beweging wat grotendeels begrond is in die oortuiging dat die goddelike openbaring in die Bybel die enigste rigsnoer vir die Christelike leer en lewenswandel behoort te wees (Barrett 2016:ii). Hierdie uitgangspunt sou immers die verwagting skep dat gesaghebbende leerstellige bronne vir die hervormers ten minste in terme van hul gesag van die Christelike kanon afgelei sou wees. Daarom is hul positiewe posisionering en ontvangs van Seneca natuurlik veral interessant gegewe die feit dat Seneca geen kennis van of waardering vir die Christelike kanonieke geskrifte getoon het nie.

Hierdie artikel konsentreer op die aard van hierdie positiewe interpretasie en ontvangs van Seneca se voorsienigheidsleer deur die Protestantse kerkhervormers. Die ondersoeksvraag is dus: Hoe posisioneer die hervormers as Christelike teoloë hulself strategies ten opsigte van hul waardering van Seneca as deel van 'n profane of heidense erfenis? Hierdie vraag gaan ondersoek word aan die hand van die fenomenologies-narratiewe benadering van die Amerikaanse geskiedsfilosoof David Carr.

Narratiewe benaderings tot die historiografie het gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu in gewildheid toegeneem, veral te danke aan postmoderne narratiewe benaderings soos dié van Hayden White (Ankersmit 2009:199–200; Williams 2015:100). Die postmodernisme se beklemtoning van die estetiese en poëtiese aard van historiografie het teen die einde van die 20ste eeu kritiek uitgelok onder geskiedsfilosowe soos die Nederlander Chris Lorenz, wat daarop wys dat die postmoderne benadering tot historiografie gevaarlik naby kom aan die redusering van geskiedskrywing tot fiksie (White 2014:xxxi–xxxii; Lorenz 1998:58–60, 133–6). David Carr sluit aan die een kant aan by Lorenz se kritiek, terwyl hy tog, soos die postmoderniste, die narratiewe karakter van die historiografie wil beklemtoon. Vir Carr impliseer 'n klem op narratief in die historiografie nie noodwendig 'n redusering daarvan tot fiksie nie. Waar die onoorbrugbaarheid van die gaping tussen historiese werklikheid aan die een kant en historiese narratief aan die ander 'n deurslaggewende uitgangspunt van postmoderne benaderings is, bied Carr se fenomenologies-narratiewe benadering 'n nugter alternatief. In sy *Experience and history: Phenomenological perspectives on the historical world* (2014), benader hy narratief self as inherent tot menslike interaksie, sodat menslike ervarings per definisie deur narratief gevorm word (Carr 2014:2, 7). Carr beskou narratief inteendeel as die singewende raamwerk vir alle menslike handelinge waarin die hede, verlede en toekoms onlosmaaklik verbonde is. Die benadering behels dat die hede altyd gesien word vanuit 'n narratiewe opbou wat die nodige samehangende raamwerk vir besluitneming en interaksie in die hede verskaf, met die oog op toekomstige uitkomste (67–8). Vir Carr verteenwoordig die struktuur van 'n narratief alledaagse menslike ervaring en menslike deelname aan die realiteit van hul bestaan. Narratief vorm dus die middel tot selfverstaan as "the organizing principle not only for actions and experiences, but also for the self who acts" (113–4). Daarom word menslike ervaring sinvol alleen wanneer dit narratief belig word. Hy pas dit veral toe op groepsformasie waarin historiese narratief as kollektiewe ervaring dien om 'n groep se

selfposisionering, doelwitte en aktiwiteit binne ’n gegewe konteks moontlik te maak oftewel narratief te *bekragtig*(73–5; 91–2).[4] Carr stel dus ’n vorm van narratiewe realisme voor, aangesien hy beklemtoon dat hierdie narratiewe nie ten doel het om ’n bepaalde posisionering *ex post facto* te regverdig nie, maar eerder dat narratief as sulks die singewende raamwerk vorm vir die ontstaan en ontwikkeling van sulke posisionerings (110).

Carr se fenomenologies-narratiewe benadering is daarom ideaal as metodiek vir hierdie ondersoek na die Protestantse kerkhervormers se strategiese posisionering in terme van hul ontvangs van Seneca se voorsienigheidsleer. Hier word dus nie gefokus op die aard of korrektheid van die hervormers se interpretasie van Seneca al dan nie. Die klem val eerder op die strategiese wyse waarop die vernaamste verteenwoordigers van ’n beweging wat gekenmerk is deur ’n beklemtoning van die Bybel as alleen gesaghebbend ten opsigte van leerstellige kwessies, hul positiewe ontvangs van ’n heidense, nie-Christelike filosoof ten opsigte van ’n sentrale leerstelling bekragtig het.

Hierdie narratiewe bekragtiging van die aansluiting met Seneca moet natuurlik by uitstek verstaan word binne die konteks van die 16de-eeuse Humanisme.[5] Hierdie beweging, waarin die hervormers ook deeglik geskool was, het die intellektuele speelveld van Europa gedurende die 16de eeu oorheers. Dit was gekenmerk deur ’n hernude entoesiasme vir die klassieke Latynse en Griekse bronne asook wat beskou is as die waarhede wat daaruit ontleen kon word (Dodds 2009:94–6). Wat egter die hervormers se narratiewe strategieë ten opsigte van hul ontvangs van Seneca se voorsienigheidsleer in die besonder interessant maak, is dat hul verder gaan as blote waardering vir die pedagogiese waarde daarvan. Hulle wend Seneca se leringe in *De Providentia* dikwels aan as ’n gesaghebbende bron vir die leerstellige kwessies wat, volgens hul eie getuienis, die hart van die Hervorming geraak het.

Eerstens gaan gekyk word na Seneca se voorsienigheidsleer soos blyk uit sy belangrikste werk in dié verband, *De Providentia*, waarna die fokus skuif na die aard van die hervormers se positiewe ontvangs daarvan.

2. Seneca se voorsienigheidsleer

Seneca is tussen 4 en 1 v.C. in Spanje gebore. Hy het in Rome studeer en daar beroemdheid verwerf as openbare spreker, dramaturg en filosoof. Hy was ’n onderwyser van Nero, wat ook vir Seneca as raadgewer behou het toe hy later keiser sou word. Na sy aftrede is hy egter verdink van ’n sameswering en is daardeur in 65 n.C. tot selfmoord gedryf (Hine 2017:22–4). Hy was ’n bekende verteenwoordiger van die Stoïsynse filosofie, wat gekenmerk was deur ’n beklemtoning van ’n streng etiek en ’n lewenstyl waarin *virtus* (deugdelikheid) beskou is as die *summum bonum* (hoogste goed) (Hine:24–5).

Seneca se *De Providentia* was een van sy belangrikste werke en het gedien as antwoord op ’n teodiseevraag van sy vriend en die goewerneur van Sisilië, Lucillius, naamlik hoekom slegte dinge met goeie mense gebeur (Sanchez 2019:98). Dit kon nog nie bepaal word presies wanneer Seneca *De Providentia* geskryf het nie, alhoewel sy outeurskap nie bevraagteken word nie (Ker 2009:77).

Die vraag wat Seneca in hierdie werk beantwoord, gaan dus nie bloot oor waarom bose of slegte dinge as sulks bestaan nie, maar spesifiek waarom dit oor goeie mense se lewenspad kom, 'n vraag wat hy beantwoord deur die idee van bonatuurlike voorsienigheid of bestiering teen die idee van toeval te verdedig.

Reeds vroeg in *De Providentia* skiet hy die idee van toeval af deur te argumenteer vir die voortbeweging van alle lewe op bevel van 'n "ewige wet".[6] Die orde wat in en deur die natuurwette gehandhaaf word, is op sigself vir Seneca genoegsame bewys dat daar 'n bonatuurlike krag aan die werk is in die bestiering van die heelal (Seneca 1928:I.1.2).

Vir Seneca bestaan daar geen kwessie daaroor dat gode wat goed is, vir deugdelike mense net die beste wil hê nie. 'n Goeie mens sal uiteindelik self ook vergoddelik word (Seneca 1928:I.1.5). Geen onheil kan in werklikheid met 'n goeie mens gebeur nie, aangesien die geesteshouding van goeie mense nooit deur onaangename gebeurtenisse verswak kan word nie. Alle teëspoed in die lewens van goeie mense moet beskou word as oefeninge, aangesien "deugdelikheid verswak sonder [die ervaring van] teëspoed" (I.2.3).[7] Deur oefening in die verduring van teëspoed, verkry goeie mense die kans om hul deugdelikheid ten toon te stel (I.2.4).

Seneca gebruik die voorbeeld van hoe 'n vader of moeder liefde aan hul kinders bewys, om te verduidelik watter tipe gesindheid die gode in beheer van die noodlot teenoor goeie mense koester. Die gode wil hê dat mense so deugdelik as moontlik moet wees, selfs al beteken dit dat hulle swaarkry moet ervaar. Net soos 'n liggaam wat nie oefening kry nie, verswak, net so verswak die mens se vermoë tot deugdelikheid sonder die oefening wat verkry word deur teëspoed te verduur. Seneca vermoed dat die gode hul daarin verlustig om te sien hoe goeie mense deugdelikheid in hul verduring van slegte gebeurtenisse ontwikkel (I.2.6–9).

Hy meen selfs dat slegte mense teëspoed verdien as hulle nie bereid is om dit as loutering te aanvaar nie. Volgens hom is mense wat geen teëspoed ervaar nie, juis die ongelukkigste, aangesien hulle nooit die geleentheid gegun word om hul deugdelikheid te bewys nie (I.3.1, 3). Die noodlot soek ook die mees onverskrokke en dapper mense uit om aan hulle uitdagings te bied, met die doel om hul deugdelikheid ten toon te stel, want "hoe erger die marteling is, hoe groter sal die roem wees" (I.3.4–5, 9).[8]

Vir die mens om hom- of haarself aan ander te bewys is dit nodig om op die proef gestel te word, om sodoende roem te ontvang. Daarom verwys hy ook na voorbeelde waar mense hulself vrywilliglik blootgestel het aan teëspoed om daardeur 'n geleentheid te verkry om hul deugdelikheid ten toon te stel (I.4.1–3). Teëspoed met deugdelikheid is veel beter as voorspoed daarsonder (I.4.10).

Vaders onderrig hulle kinders deur tugtiging, en die gode het dieselfde vaderlike benadering tot mense. In die stryd wat die noodlot oor die mens se lewenspad bring, word die *animus* (d.i. die rasionele siel) van die mens versterk. Soos 'n boom waarvan die wortels hulself dieper in die grond vestig as storms en winde dreig om die boom om te waai, so word die *animus* van die mens deur middel van lyding standvastiger (I.4.11–14).

Nadat Seneca indringend aandag gegee het aan die teodiseevraagstuk, spreek hy in die vyfde hoofstuk van *De Providentia* die kwessie van die verhouding tussen menslike vryheid en die goddelike voorsienigheid aan. Hy neem 'n fatalistiese standpunt in, waar die mens 'n vrye keuse het om gewilliglik al dan nie met die noodlot saam te werk, maar tog nie sy lot kan

verander nie. Daarom sal weerstand teen die bepalings van die noodlot uiteindelik net die lewe meer ondraaglik maak (I.5.4–6).

Alle gebeure verloop volgens ’n vaste plan wat in die ewigheid reeds bepaal en voorbestem is. Die mens behoort uiteindelik aan die natuur, en mense, as wesens wat deur die natuur voortgebring is en uiteindelik weer tot die natuur terugkeer, behoort nie oor hul lot te kla nie. Die mens is immers vir ’n spesifieke doel gebore en die lot is bloot die uitwerking van daardie doel. Die kenmerk van ’n deugsame mens is dat hy of sy nie teen die noodlot baklei nie, maar in diens van die noodlot staan (I.5–7–8).

Die gode is ook, net soos mense, gebind aan die ewige plan wat die heelal bestier. Alhoewel die gode eenmaal die wette van die voorsienigheid verordineer het, is hulle nou self daartoe gebind en dus nie vry om daarbuite op te tree nie. Die gode self het daarom nie die mag om hul eie lot te verander nie (I.5.8).

Vir deugdelikheid om sy volle heerlikheid te toon, is dit nodig vir goeie mense om nie ’n maklike lewenspad toebedeel te word nie. Dus laat die gode in wese nie slegte dinge met goeie mense gebeur nie, maar die goeie persoon word gevrywaar van alle slegte dinge by wyse van die deugdelike manier waarop hy dit verduur (I.5.9). Goeie mense verduur dus gewilliglik teëspoed om hul doel op aarde te bereik. Hy skryf oor sulke mense dat “hulle gebore is as voorbeelde om ander te leer om daartoe in staat te wees [om teëspoed deugsaam te verduur]” (I.6.2–3).[9] ’n Deugsame mens kan selfs ’n god in *virtus* oortref, aangesien die god nie soos die mens geleenthede kry om deug te bewys by wyse van die verduring van teëspoed nie (I.6.5–6).

Seneca sluit *De Providentia* af met ’n parenese,[10] waarin hy deugdelike mense aanspoor om te volhard in die verduring van teëspoed en ook om nie die dood te vrees nie, aangesien die sterfproses baie vinnig verby gaan en dit niks anders is as die proses waarmee die siel die liggaam verlaat nie (I.6.7–9).

3. Seneca en Paulus

Ten spyte van beduidende verskille is die eerste opvallende ooreenkoms tussen die voorsienigheidsleer van Seneca en sy tydgenoot, die apostel Paulus, beide se klem op God of die noodlot se vermoë en belofte om slegte dinge wat met goeie mense – in Seneca se geval die deugsames, in Paulus se geval die gelowiges – gebeur, ten goede te laat meewerk (Seneca I.1–4–6 en Romeine 8:28–29). Tweedens rym Seneca se klem op die onontkombaarheid aan die lot van die voorsienigheid ook goed met Paulus se beklemtoning van die heerskappy van God in terme van menslike lotgevalle (Seneca I.5.4–6 en Romeine 9:16–21).

Reeds in die vroeë Christelike kerk was daar waardering vir hierdie aanknopingspunte. In die pseudografiese briefwisseling tussen Seneca en Paulus, wat uit die vierde eeu dateer, skryf Seneca in die twaalfde brief die volgende aan Paulus:

> Moenie dink dat ek nie hartseer en ontsteld is omdat julle onskuldige mense so dikwels tot lyding veroordeel word nie. Ook dat die mense julle [Christene] as so gevoelloos en geneig tot misdaad beskou dat almal julle as die oorsaak van al die stad se ongeluk sien.

> Maar laat ons dit wat die noodlot oor ons bring, geduldig en tevrede verduur, totdat onoorwinbare vreugde 'n einde aan ons lyding bring.[11] (Pseudo-Seneca 1895:481)

Dit is dus duidelik dat daar gedurende die vierde eeu reeds groot waardering was vir Seneca se voorsienigheidsleer en veral sy hantering van die teodiseevraagstuk. In die Latynssprekende wêreld het Augustinus juis gedurende hierdie tydperk baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van die bevordering van 'n herwaardering van die heidense kultuurerfenis onder Christelike teoloë (Cilliers 1995:79).

4. Die Protestantse kerkhervormers

Hierdie Augustiniaanse tradisie binne die Westerse Christendom is ook een waarby selfs die humanistiese akademiese raamwerk wat grotendeels die historiese konteks van die Protestantse Kerkhervorming gevorm het, aansluiting kon vind (Cilliers 1995:86). Daarom word daar in hierdie artikel ondersoek gedoen na die narratiewe strategieë wat die hervormers (onbewustelik) gebruik het om hul hoofsaaklik positiewe ontvangs van Seneca te bekragtig – veral gegewe hul kenmerkende verbintenis tot die Skrif alleen as gesaghebbende bron vir leerstellige kwessies. Daar word gekyk na vier eerstegeslag-hervormers, naamlik Calvyn, Zwingli, Bullinger en Luther, asook 'n tweedegeslag- Engelse hervormer, Thomas Gataker.

4.1 Johannes Calvyn (1509–1564)

Hoe sterk hierdie humanistiese tradisie gefigureer het tydens die Kerkhervorming, blyk uit die feit dat Johannes Calvyn as jong regsgeleerde sy toetrede tot die akademiese wêreld juis met 'n kommentaar op Seneca se *De Clementia* gemaak het. Die 20ste-eeuse Klassikus en Latinis Andre Hugo meen dat Calvyn se aangetrokkenheid tot Seneca se verstaan van reg en geregtigheid, veral ten opsigte van die verhouding tussen die owerheid en sy onderdane, die rede hiervoor was. Calvyn het Seneca beskou as 'n stem uit die verre verlede wat toepaslik gebly het vir die sosiopolitieke uitdagings van sy eie tyd (Hugo 1957:115).

Dreyer (2018:4), 'n kerkhistorikus verbonde aan die Universiteit van Pretoria, meen dat Calvyn se kommentaar op *De Clementia* eerder as die werk van 'n regsgeleerde binne die tradisie van die Humanisme as dié van 'n teoloog beskou moet word, aangesien Calvyn eers 'n jaar later, in 1533, die Rooms-Katolieke Kerk verlaat en by die Hervorming aangesluit het. Hierdie argument is hoofsaaklik gebaseer op Calvyn se outobiografiese gedagtes soos hy dit uitdruk in die inleiding tot sy kommentaar op die Psalms. Hier blyk hy te verwys na 'n skielike bekering of kort bekeringsproses, wat dan gesien word as bevestiging van 1533 as jaar van hierdie bekering (Cottret 2000:67).

Invloedryke geskiedsfilosowe en biografiese teoretici soos Hans Renders en Binne de Haan merk egter op dat outobiografiese materiaal, alhoewel dit belangrike bronne is, nie vir biograwe deurslaggewend behoort te wees nie, maar ook onderwerp behoort te word aan kritiese analise (Renders en De Haan 2014:2). Biograwe behoort self die leiding te neem in hierdie analise en nie passief deur outobiografiese getuienis gelei te word nie (Renders en De Haan 2014:8). In verband met Calvyn se verstaan van die leer van die voorsienigheid blyk uit die primêre bronne dat daar inderdaad nie so 'n skerp breuk tussen die denke van Calvyn die hervormer en Calvyn die humanis te vinde is nie. Calvyn se eerste verwysing na die leer van die voorsienigheid

(waarvan ons bewus is) – 'n leerstelling van kardinale belang vir hom as hervormer – was immers in sy 1532-kommentaar op *De Clementia*. Hier verdedig hy Seneca se beskouing teen die toevalsleer van die Epikuriërs deur gebruik te maak van 'n argument vir die leer van die goddelike voorsienigheid wat volkome strook met dié van sy latere geskrifte as hervormer. Calvyn benadruk die ooreenkomste tussen Seneca se beskouing van die voorsienigheid en die Christelike leer (Calvyn 1532:5–6). In sy latere geskrifte is 'n verwerping van die toevalsleer net so kenmerkend. Hy skryf byvoorbeeld in sy *magnum opus*, sy 1559-uitgawe van die *Institusie van die Christelike Godsdiens*, die volgende:

> Wanneer die lig van die voorsienigheid eenmaal op 'n heilige mens geskyn het, word hy bevry nie alleen van die ekstreme angs en vrees wat hom tevore gepla het nie, maar ook van elke sorg. Hy verwerp tereg alle toeval, en gee homself vreesloos oor aan God. Sy troos, meen ek, is die wete dat sy Hemelse Vader alles in sy hand hou, alles deur sy wil en mag beheer en so met wysheid regeer dat niks met hom kan gebeur wat God nie bepaal het nie.[12] (Calvyn 1559:I, XVII, 11)

Hierdie aanhaling – en met name Calvyn se verwerping van die toevalsleer – verteenwoordig dieselfde interpretasie van die goddelike voorsienigheid as wat te vinde is in sy kommentaar op *De Clementia*. Uit sy apologetiek teen die Epikuriërs in laasgenoemde werk blyk die narratiewe aanknopingspunt met die voorsienigheidsleer van Seneca (en ook ander heidense outeurs wat hy as voorbeelde noem) veral uit sy woorde: "Ons godsdiens bely ook dieselfde [as Seneca en die Stoïsyne], naamlik dat alle mag van God alleen afkomstig is en dat alles wat bestaan deur Hom verordineer is"[13] (Calvyn 1532:6).

4.2 Ulrich Zwingli (1484–1531)

Zwingli het hom, nog meer as Calvyn, op Seneca beroep ter stawing van sy voorsienigheidsleer. Dit is opvallend dat Zwingli, wat die eerste sistematiese uiteensetting van die voorsienigheidsleer onder die hervormers in 1530 geskryf het, 'n titel gekies het wat ongetwyfeld bedoel was om die leser aan Seneca se werk te herinner, naamlik *Sermonis De providentia dei anamnema* (Fergusson 2018:81). Die aanknopingspunte met Seneca in die teologie en filosofie van Zwingli blyk ook uit die herhaalde aanhalings uit en positiewe verwysings na die heidense filosoof in hierdie werk. Zwingli skryf dat sy eie leer afkomstig is van God, die bron van alle waarheid – 'n bron "waaruit Seneca ook gedrink het"[14] (Zwingli 1530:19).

Zwingli se sterk deterministiese beskouing herinner soveel aan die fatalisme van Seneca dat verskeie outeurs, soos McEnhill en Newlands (2004:237), al voorgestel het dat *De Providentia Dei* "more philosophical than biblical" is. Die invloed van Seneca op Zwingli se voorsienigheidsleer blyk veral uit sy verwerping van sekondêre oorsake in die voorsienigheidsleer, waarvoor hy hom op Seneca se verstaan van die mens as passiewe ontvanger van sy Godgegewe lot beroep (sien Seneca 1928:I.5.4–6). Hierin verskil Zwingli van beide Calvyn en Luther. Hy gebruik Seneca as 'n gesag as hy in *Providentia Dei* skryf: "Dit is daarom vasgestel dat 'sekondêre oorsake' nie tereg 'oorsake' genoem word nie"[15] (Zwingli 1530:22). Hiervoor is Zwingli al daarvan beskuldig dat hy God die outeur van die sonde maak (Tiessen 2000:278).

Zwingli verwys elders selfs na "die geloof van daardie heilige man Seneca",[16] ten spyte daarvan dat Seneca 'n heiden was (Zwingli 1526:17). Kort na die publikasie van *Providentia Dei* skryf hy selfs in 1531 in 'n werk wat *post mortem* in 1536 gepubliseer is, die volgende:

> Uiteindelik sal u deel in die gemeenskap van al die heiliges, wyses, gelowiges, standvastiges, brawes en deugsames wat sedert die begin van die skepping van die wêreld geleef het. Hier sal u die twee Adams vind, die verloste en die Verlosser, Abel, Henog, Noag, Abraham, Isak, Juda, Moses, Josua, Gideon, Samuel, Pineas, Elia, Elisa, Jesaja, die maagdelike moeder van God van wie hulle getuig het, Dawid, Hiskia, Johannes die Doper, Petrus, Paulus, ook Herkules, Theses, Sokrates, Aristides, Antigiones, Numa, Camillus, Cato, Scipiones, ook al u voorouers wat die tydelike met die ewige verwissel het. Kortliks, daar is nie 'n deugsame mens, nie 'n heilige hart, geen gelowige siel, wat geleef het tussen die begin van die wêreld en haar einde, wat u nie in die teenwoordigheid van God sal sien nie[17] (Zwingli 1536:27).

Seneca word nie uitdruklik in hierdie lys genoem nie, maar soos Christ-Von Wendel (2013:121) noem, is dit onmoontlik om nie hierdie Zwingliaanse idee van geredde heidene in verband met Zwingli se bogenoemde beskrywings van Seneca as 'n gelowige en heilige mens in verband te bring nie. Seneca was immers die heidense outeur op wie Zwingli hom die meeste beroep het ter stawing van sy voorsienigheidsleer, waaronder hy die uitverkiesingsleer insluit. Verder is dit noemenswaardig dat Zwingli se verwysing na "wyses", "standvastiges" en veral "deugsames" as mense wat saam met gelowiges die ewige saligheid sal smaak, sterk herinner aan Seneca se leer in *De providentia* dat die siele van deugsames na hul liggaamlike afsterwe beloon sal word (Seneca 1928:I.6.7–9).

Zwingli vind dus nie net teologiese aansluiting by Seneca se voorsienigheidsleer nie, maar sy positiewe ontvangs van die heidense erfenis word ook narratief bekragtig by wyse van 'n paradigma wat ontleen is uit die slot van *De providentia*.

4.3 Heinrich Bullinger (1504–1575)

Zwingli se medehervormer en opvolger in Zürich, Heinrich Bullinger, het ook sy groot waardering vir die filosofiese erfenis van Seneca uitgespreek in sy kommentaar op Romeine 1:20, waar Paulus skryf dat God se werke en karaktereienskappe aan almal via die natuur geopenbaar is. In verband hiermee skryf Bullinger: "Seneca het 'n meer suiwer teologie as al die skolastieke boeke vir die nageslag nagelaat"[18] (Bullinger 1582:6). Dit is noemenswaardig dat Bullinger hier ook benadruk dat een van die kerneienskappe van God wat aan heidene soos Seneca geopenbaar is, sy almag en heerskappy oor die skepping is (Bullinger 1582:6). Daarom is hierdie kommentaar van Bullinger 'n belangrike voorbeeld van 'n hervormer se positiewe ontvangs van Seneca se idees rondom die leer van die goddelike voorsienigheid. In ooreenstemming met Seneca en Zwingli, beskou Bullinger ook, anders as Calvyn, die uitverkiesingsleer as *pars providentia*, d.i. as onderdeel van die voorsienigheidsleer (James 1998:67).

Bullinger se waardering van die heidense filosofie was egter meer genuanseerd as dié van Zwingli. Alhoewel hy meen dat heidene kennis van die ware God besit via die natuurlike openbaring, benadruk hy, in navolging van die apostel Paulus en Augustinus, dat wanneer heidense outeurs wel gelees en bestudeer word, hulle vanuit Christelike uitgangspunte beoordeel behoort te word (Muller 2003:106–7).

4.4 Martin Luther (1438–1546) se reaksie op die Zwingliaanse idee van heilige heidene

Dat die bekendste hervormer, Martin Luther, en Ulrich Zwingli nie om dieselfde vuur gesit het nie, is welbekend. Die kern van hul teologiese konflik was hul verskillende interpretasies van die Nagmaal. Luther het meer klem gelê op die ware teenwoordigheid van Christus in die elemente van die brood en die wyn, terwyl Zwingli 'n simboliese verstaan van die elemente voorgestaan het (Ocker 2018:475). Wat minder bekend is, is dat Zwingli se uitsonderlik hoë waardering van die heidense filosofiese erfenis, waarvan Seneca se voorsienigheidsleer die mees prominente element in sy teologie was, ook 'n bron van konflik was met die Duitse hervormer. Alhoewel beide in die Humanisme geskool was, was Zwingli se uitsonderlik hoë waardering vir die natuurlike teologie iets waarvoor Luther nie te vinde was nie (Olson 1999:402). Nadat hy gelees het wat Zwingli oor die saligheid van deugsame heidene geskryf het, trek Luther selfs Zwingli se eie saligheid in twyfel, omdat hy meen dat Zwingli daardeur die boodskap van die evangelie heeltemal relativeer[19] (Luther 1955:289–91). Volgens Luther is dit egter ook veral verdoemend dat Zwingli se lys van heilige heidene Epikuriërs soos Numa en Scipiones insluit (Luther 1955:291).

Alhoewel Luther homself dus van Zwingli distansieer, blyk dit tog dat hy, nes Calvyn en Bullinger, die Epikuriërs se leer as verder verwyderd van die Christelike leer as dié van Stoïsyne en Seneca beskou. Vir Luther, soos vir Seneca, is die goddelike voorsienigheid allesomvattend (Picirilli 2017:103). Luther self het dan ook gedurende sy loopbaan erkenning gegee aan die belangrikheid van Seneca se erkenning van die Goddelike rol in die bestiering van die skepping en die geskiedenis (Holm 2019:310–2). Luther se verwerping van Zwingli se idee van die redding van deugsame heidene impliseer daarom nie op sigself 'n breuk met die filosofiese en teologiese erfenis van die voor-Christelike heidendom nie.

Calvyn het immers ook, ten spyte van sy waardering vir Seneca se filosofiese en politieke erfenis asook sy voorsienigheidsleer, hier met Zwingli verskil. Soos Luther, het hy die saligheid van Seneca sterk betwyfel. Hy skryf die volgende in sy kommentaar op Filippense 4:22, waar Paulus groete stuur aan die gelowiges in die huishouding van die keiser: "Die veronderstelling wat sommige maak, naamlik dat hier na Seneca verwys word, is ongegrond. Want hy het geensins bewys, nie eers in die minste, dat hy tot die Christendom bekeer het nie"[20] (Calvyn 1548:264).

Gegewe die datum van hierdie kommentaar is dit moontlik dat dit geskryf is in aansluiting by Luther se bogenoemde kritiek teen Zwingli, wat eersgenoemde in 1544 uitgespreek het. Verder blyk dit ook dat Bullinger se beskouing aansluiting vind by die interpretasie van Calvyn, aangesien hy in sy kommentaar op dieselfde vers verklaar dat die gelowiges in die keiser se huishouding daardie gelowige kollegas van Seneca was[21] (Bullinger 1535:230).

4.5 Thomas Gataker (1574–1654)

Waardering vir Seneca was ook kenmerkend onder sommige van die tweedegeslag-hervormers. Een van die vernaamste van hulle was een van die lede van die Westminster Assembly, Thomas Gataker. Hy verdien om genoem te word in die besonder vanweë sy polemiese aanwending van Seneca se voorsienigheidsleer in sy werk, *On the nature and the use of lots* (1619). In hierdie werk, wat daarop gemik was om die regte en verkeerde gebruik van die lot uiteen te sit, skryf hy:

> The prescience and providence, or if you prefer it, the will, pleasure and omniscience of God extends itself in general into all things, even unto the alighting of a sparrow or to the shedding of hair. "God" as Seneca well said, "is the author of all things, be they random or other." "God is author I say," the well distinguished Augustine also said, "of the action, though only the disposer, not the author of evil, where any is, in it." If a providence of God is therefore in all things, then it is in random events also. (Gataker 2008:16)

Gataker het hier (onbewustelik) retories gebruik gemaak van 'n strategiese narratiewe posisionering van sy eie beskouing van die goddelike voorsienigheid binne 'n teologiese en filosofiese tradisie wat beide die heidense Seneca en die kerkvader Augustinus insluit. Sy verwysing na Seneca as teologiese voorganger sou selfs die indruk kon laat dat Seneca na die Christelike God verwys. Indien dit nie die bedoeling was nie, beteken dit ten minste dat Gataker daaraan erkenning gee dat Seneca in besit was van 'n bepaalde kennis van die ware God deur middel van God se openbaring in die natuur.

5. Gevolgtrekking

Die Protestantse kerkhervormers het aansluiting gevind by die Augustiniaanse tradisie van teologiese en filosofiese waardering vir die pre-Christelike heidendom. Een van die vernaamste aanknopingspunte met die heidendom kenmerkend van die Hervorming was die waardering van Seneca se voorsienigheidsleer soos blyk uit sy *De Providentia*. 'n Positiewe ontvangs van sy heidense teologiese idees in dié verband was dus algemeen onder die hervormers. In die geval van Zwingli het die hoë waardering van Seneca se erfenis selfs gevorder tot die aanneming van die persoon as 'n medegelowige.

Die narratiewe aard waarmee die aanknoping met Seneca se voorsienigheidsleer bekragtig word, blyk ook duidelik uit byvoorbeeld Calvyn se polemiese gebruik daarvan teen die Epikuriërs, asook Bullinger en Gataker se positiewe verwysings na Seneca se kennis van God en sy raadsplan.

Kenmerkende elemente van Seneca se voorsienigheidsleer, soos verstaan deur die hervormers, wat uitdruklik (onder andere) aan sy *De Providentia* ontleen word is: 1) die idee dat die beskikking van die voorsienigheid alles in die skepping omvat, d.i. dat daar niks gebeur wat nie vooraf in die goddelike raadsplan opgeneem was nie; 2) dat alles wat gebeur, 'n Godgegewe doel het; 3) die idee dat alles ten goede meewerk vir die kinders van God; 4) dat die omvattendheid van die voorsienigheid nie die morele verantwoordelikheid van die mens ophef nie; en 5) in die geval van Zwingli en Bullinger, dat die leer van die uitverkiesing tot saligheid as 'n onderdeel van die voorsienigheidsleer verstaan word.

Narratiewe selfposisionering was noodsaaklik vir die hervormers, veral gesien hul historiese konteks as leiers van 'n nuwe beweging in die 16de eeu. In hierdie konteks was dit vir die hervormers belangrik om die voor-Christelike filosofie te skets as regmatige voorganger van nie alleen die Christendom nie, maar ook van die Hervorming self. Hul teologiese en filosofiese posisionering ten opsigte van die voorsienigheidsleer word dan ook gekenmerk deur 'n positiewe waardering en gebruik van die idees van 'n invloedryke heidense filosoof soos

Seneca. In ’n kernstuk van hul teologieë het hulle dus ook op die beskouings van hierdie nie-Christelike skrywer gesteun.

Die humanistiese tradisie waarin die hervormers geskool was, het ongetwyfeld hier ’n deurslaggewende invloed uitgeoefen. In die konteks van die 16de-eeuse Humanisme was dit wesenlik vir enige geleerde om sy staal te wys deur middel van ’n beheersing van die primêre bronne uit die voor-Christelike heidendom (Hugo 1957:113). Daarom sou dit, ook in terme van polemiese oorwegings, vir die hervormers belangrik wees om te bewys dat hul leer nie in stryd was met die wysheid van die eeue nie. Die waarde hiervan lê verder daarin dat hulle nie as radikale revolusionêre of opstokers sou voorkom nie. In terme hiervan was nie alleen aanknopingspunte met die Vroeë Kerk en die Middeleeue nie, maar ook met die pre-Christelike heidendom van belang. ’n Belangrike getuienis van die primêre bronne is egter dat die hervormers se gebruik van Seneca verder gaan as wat noodwendig van 16de-eeuse humaniste verwag sou word. Hulle wend sy voorsienigheidsleer strategies aan nie net as gesaghebbende bron nie, maar ook vir polemiese doeleindes. Een van die gevolge van die indringende ondersoek na antieke bronne binne die Humanisme was dat die egtheid van die pseudografiese briefwisseling tussen Seneca en Paulus se outentisiteit reeds ’n eeu voor die Hervorming in twyfel getrek is (Lee 2005:454). Die hervormers se aansluiting hierby blyk uit die primêre bronne, naamlik dat hulle verstaan het dat Seneca in terme van sy godsdienstige oortuigings ’n Romeinse heiden en nie ’n volgeling van Christus was nie.

Verder kan hierdie narratiewe strategieë ook verstaan word in die lig van die hervormers se verstaan van die voorsienigheid self, naamlik dat God, in sy voorsienigheid, die weg vir die evangelie voorberei het deur middel van die daarstelling van pre-Christelike idees wat die heidense volke meer vatbaar sou maak vir die Christelike teologie. Hierin speel die hervormers se verstaan van die natuurlike openbaring, ’n deurslaggewende rol.[22]

Die hervormers se retoriese strategieë in dié verband is dan ook nie net daarop gemik om hul historiese legitimiteit binne die konteks van die Humanisme te beklemtoon nie. Dit het by uitstek ook ten doel gehad om die toekomstige verstaan van leerstellings soos die voorsienigheid binne die Christelike kerk te help vorm en in ’n bepaalde rigting te stuur. Hierin verteenwoordig hul ontvangs van Seneca se voorsienigheidsleer retoriese en narratiewe strategieë wat deur Carr (2013:110) beskryf word as die samehangende raamwerk vir die daarstelling van sinvolle verbande tussen die verlede, hede en toekoms.

Die belangrikste figure uit die Protestantse Kerkhervorming het hulself, ten spyte van geskille tussen byvoorbeeld Zwingli en Luther, soos een man geskaar by die heidense Seneca se leer aangaande die voorsienigheid. Alhoewel hulle erken het dat Seneca geen erkenning van die gesag van Christelike kanon getoon het nie, was hul waardering vir sy leer, soos uiteengesit in *De Providentia*, as gesaghebbende bron vir leerstellige kwessies, en selfs vir polemiese doeleindes, strategies en narratief bekragtig op so ’n wyse dat dit nie deur enige van hulle as in stryd met hul standpunte ten opsigte van die openbaringsgesag van die Bybel beskou is nie.

Bibliografie

Primêre bronne

Basore, J.W. 1928. *Moral essays, volume I*. Londen: Heinemann.

Bullinger, H. 1535. *In D. Apostoli Pauli ad Galatas, Ephesios, Phillipens et Colossens epistolas.* Zürich: Froschauer.

—. 1582. *In omnes apostolicas Epistolas D. Pauli XIV et VII Canonicas, Comentarii*. Zürich: Froschauer.

Calvyn, J. 1532. *L. Annei Senecae, Romani senatoris, ac philosophi clarissimi, Libri duo de clementia, ad Neronem Caesarem: Ioannis Caluini Nouiodunaei commentariis illustrate*. Parys: Ludouicum.

—. 1559. *Institutio christianae religionis*. Genève: Robert Estienne.

Gataker, T. 2008. *On the nature and use of lotteries: A historical and theological treatise*. Exeter: Conall Boyle.

Haase, F. (red.). 1895. *L. Annaei Senecae opera quae supersunt*. Leipzig: Teubner.

Luther, M. 1525. *De Servo Abitrio*. Wittenberg: Luft.

—. 1955. *Word and sacrament IV*. In Pelikan e.a. (reds.) 1955.

Pelikan, J., H.C. Oswald, H.T. Lehman, C.B. Brown (reds.). 1955. *Luther's works, volume 38: Word and sacrament IV*. Saint Louis, MO: Concordia.

Pseudo-Seneca, L.A. 1895. *Epistolae Senecae, Neronis imperatoris magistri, ad Paulum apostolum et Pauli Apostoli ad Senecam*. In Haase (red.) 1895.

Seneca, L.A. 1928. *De providentia*. In J.W. Basore (red.) 1928.

Zwingli, U. 1526. *De peccato originali declaratio*. Zürich: Froschauer.

—. 1530. *Sermonis De providentia Dei anamnema*. Zürich: Froschauer.

—. 1536. *Christianae fidei a Huldrycho Zvinglio praedicatae, brevis & clara expositio*. Zürich: Froschauer.

Sekondêre bronne

Ankersmit, F. 2009. *Narrative, an introduction*. In Ankersmit, Domanska en Kellner (reds.) 2009.

Ankersmit, F., E. Domanska en H. Kellner (reds.). 2009. *Re-figuring Hayden White*. Stanford, CA: Stanford University Press.

Barrett, M. 2016. *God's Word alone – the authority of Scripture: What the Reformers taught … And why it still matters*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Billings, J.T. 2012. *Union with Christ and double grace: Calvin's theology and its early reception*. In Billings en Hasselink (reds.). 2012.

Billings, J.T. en I.J. Hasselink (reds.). 2012. *Calvin's theology and its reception: Disputes, developments and new possibilities*. Louisville, KY: Westminster John Knox.

Carr, D. 2014. *Experience and history: Phenomenological perspectives on the historical world.* New York: Oxford University Press.

Christ-Von Wendel, C. 2013. *Erasmus of Rotterdam: Advocate of a new Christianity*. Toronto: University of Toronto Press.

Cilliers, J.F.G. 1995. Augustinus se De Doctrina Christiana, boek 4, as 'n skakel tussen die profane klassieke kultuur en die vroeë Christendom. In Raath, Cilliers en Ellis (reds.) 1995.

Cottret, B. 2000. *Calvin: A biography*. Vertaal deur M.W. McDonald. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Dodds, G.D. 2009. *Exploiting Erasmus: The Erasmian legacy and religious change in early modern England*. Toronto: University of Toronto Press.

Dodson, J. en H. Briones (reds.). 2017. *Paul and Seneca in dialogue*. Leiden: Brill.

Dreyer, W.A., 2018. John Calvin as "public theologian" in view of his "Commentary on Seneca's de Clementia". *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 74(4):a4928. https://doi.org/ 10.4102/hts.v74i4.4928.

Fergusson, D. 2018. *The providence of God – a polyphonic approach*. Cambridge: Cambridge University Press.

Hine, H.M. 2017. *Seneca and Paul: The first two thousand years*. In Dodson en Briones (reds.) 2017.

Holm, B.K. 2019. *Luther, Seneca, and benevolence in both creation and government*. In Kärkkäinen en Vainio (reds.) 2019.

Hugo, A.M. 1957. *Calvijn en Seneca*. Groningen: Wolters.

Hunter, A.M. 1999. *The teachings of Calvin: A modern interpretation*. Eugene, OR: Wipf and Stock.

James, F.A. 1998. *Peter Martyr Vermigli and predestination: The Augustinian inheritance of an Italian Reformer*. Oxford: Clarendon Press.

Kärkkäinen en Vainio (reds.). 2019. *Apprehending love: Theological and philosophical inquiries*. Helsinki: Luther-Agricola Society.

Ker, J. 2009. *The deaths of Seneca*. Oxford: Oxford University Press.

Lee, H.C. 2005. *The beginnings of Christianity: An introduction to the New Testament*. New York: T&T Clark.

McEnhill, P. en G.M. Newlands. 2004. *Fifty key Christian thinkers*. Londen: Routledge.

Muller, R.A. 2000. *The unaccommodated Calvin: Studies in the foundation of a theological tradition*. New York: Oxford University Press.

—. 2003. *After Calvin: Studies in the development of a theological tradition*. Oxford: Oxford University Press.

Ocker, C. 2018. *Luther, conflict and Christendom: Reformation Europe and Christianity in the West.* Cambridge: Cambridge University Press.

Olson, R.E. 1999. *The story of Christian theology: Twenty centuries of tradition and reform*. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Picirilli, R.E. 2017. *Free will revisited: A respectful response to Luther, Calvin and Edwards*. Eugene, OR: Wipf and Stock.

Raath, A.W.G., J.F.G. Cilliers en A.J. Ellis (reds.). 1995. *Huldigingsbundel H.A. Wessels*. Bloemfontein: Fakulteit Regsgeleerdheid, UOVS.

Renders, H. en B. de Haan. 2014. Introduction: The challenges of biography studies. In Renders en De Haan (reds.) 2014.

Renders, H. en B. de Haan. (reds.). 2014. *Theoretical discussions of biography – approaches from history, microhistory, and life writing*. Leiden: Brill.

Sanchez, M.C. 2019. *Calvin and the resignification of the world: Creation, incarnation and the problem of political theology in the 1559 Institutes*. Cambridge: Cambridge University Press.

Slocombe, W. 2006. *Nihilism and the sublime postmodern: The (hi)story of a difficult relationship from Romanticism to Postmodernism*. New York, NY: Routledge.

Tiessen, T.L. 2000. *Providence and prayer: How does God work in the world*?. Downers Grove, IL: Intervarsity Press.

Torrence Kirby, W.J. 2003. Stoic and Epicurean? Calvin's dialectical account of providence in the Institutes. *International Journal of Systematic Theology*, 5(3):309–22.

Wendel, F. 1963. *Calvin: The origins and development of his religious thought*. Vertaal deur Philip Mairet. Londen: Collins.

White, H. 1973. *Metahistory: The historical imagination in nineteenth-century Europe*. Hersiene uitgawe, 2014. Baltimore, MD: Johns Hopkins University Press.

Williams, R.C. 2012. *The historian's toolbox: A student's guide to the theory and craft of history*. Hersiene uitgawe, 2015. New York, NY.: Routledge.

Eindnotas

[1] Alle Afrikaanse vertalings uit primêre bronne is my eie. Die oorspronklike Latynse teks lees hier: "Quod solus prae omnibus rem ipsam es aggressus, hoc est, summam causae."

[2] "Deum omnia in omnibus operari, ac sine nihil fieri nec effiax esse, est enim omnipotens."

[3] Soos Zwingli, het ook Calvyn vroeër in sy loopbaan die leer van die uitverkiesing as *pars providentia*, d.i. as 'n integrale onderdeel van die leer van die voorsienigheid, behandel, soos blyk uit byvoorbeeld die 1539-weergawe van sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* (James 1998:254).

[4] Die term *narratief bekragtig* word hier gebruik as beskrywing vir Carr se standpunt dat narratief as sulks die singewende raamwerk vorm wat 'n bepaalde posisionering (in hierdie geval 'n teologiese posisionering) moontlik maak.

[5] Die 16de-eeuse Humanisme waarna hier verwys word was iets radikaal anders as die 19de-eeuse Humanisme wat 'n produk van die 18de-eeuse Verligting was (Slocombe 2006:51).

[6] "Aternae lex".

[7] "Marcet sine adversario virtus."

[8] "Quanto plus tormenti tanto plus erit gloriae."

[9] "Ut alios pati doceant, nati sunt exemplar."

[10] 'n Parenese is 'n retoriese stylfiguur waardeur die gehoor tot 'n bepaalde aksie of ingesteldheid aangespoor word.

[11] "Putasne me haut contristari et non luctuosum esse quod de innocentia vestra subinde supplicium sumatur? Dehinc quod tam duros tamque obnoxios vos reatui omnis populus iudicet, putans a vobis effici quicquid in urbe contrarium fit? Sed feramus aequo animo et utamur foro quod sors concessit, donec invicta felicitas finem malis imponat."

[12] "At ubi lux illa divinae providentiae semel homini pio affulsit: iam non extrema modo, qua ante premebatur, anxietate et formidine, sed omni cura relevatur ac solvitur. Ut enim merito fortunam horret, ita secure Deo sese audet permittere. Hoc, inquam, solatium est, ut intelligat patrem coelestem sic omnia sua potentia continere, sic imperio nutuque suo regere, sic sapientia moderari, ut nihil, nisi ex eius destinatione, cadat."

[13] "Est etiam illa confession religions nostrae, no esse potestatem nisi a deo: et que sunt, a deo ordinatas esse".

[14] “Seneca ex eo bausit.”

[15] “Constat igitur causas secundas non rite causas vocari”.

[16] “Senecae viri sanctissimi fidem”.

[17] “Deinde sperandum est tibi uisorum esse, sanctoru, prudentiam, fidelum, constantium, fortium, virtuosorum, omnium, quicunq, a condito mudo suerunt, sodolitatem, coetum et contubernium. Hic duos Adam, redemptu ac redemtorem: hic Abelum, Enochum, Noam, Abraham, Isaacum, Iudam, Mosen, Iosuam, Gedeonem, Samuelem, Pinhen, Heliam, Heliseum, Isaiam, ac dei param virgimem de qua ille praecinuit, Davidem, Ezeliam, Iosiam Baptistam, Petrum, Paulum, hic Herculem, Theseum, Socratem, Aristidem, Antigonu, Numan, Camillu, Catones, Scipiones: hic antecessores tuos et quotquot in fide hinc migrarunt maiores tuos videbis. Et summatim, non suit vir bonus, non erit mens sancta, non fidelis anima, ab ipso mundi ex ordio usque ad eius consummationem, que non sis isthic cum deo visurus.”

[18] “Seneca plus syncerioris theologiae posteritati reliquit quam omnes fere omnium scholasticorum libri.”

[19] Ek het nie toegang tot die oorspronklike teks nie en verwys derhalwe noodgedwonge hier na die Engelse uitgawe deur Pelikan e.a.

[20] “Quod nonnuli coniectarunt, hic Senecam inter alios inter alios designari, nihil habet coloris. Nam neque ullo unquam, vel minimo indicio, se Christianum esse probavit.”

[21] Alhoewel Lee (2005:45) daarop wys dat die egtheid van die pseudografiese briefwisseling tussen Paulus en Seneca reeds in die 15de eeu wyd betwyfel is, was dit reeds vir ’n aantal eeue deel van ’n gevestigde tradisie. Daarom is dit wel moontlik dat Bullinger dit met hierdie verwysing na Seneca se kollegas in gedagte het, aangesien Seneca se bekendheid met Christene hieruit afgelei sou kon word.

[22] ’n Goeie voorbeeld van die hervormers se verstaan van hierdie leer is die tweede artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis, ’n belydenisskrif uit die tyd van die Hervorming waarmee Calvyn self ook sy instemming betuig het (Billings 2012:64).